

# Woensdag 3 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 19 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 19:15

## **Besing die Here wat Homself ryklik aan sy kinders openbaar!**

Soms slaan die skoonheid van God se skepping jou asem weg. Die natuur oorweldig ons sintuie met verwondering, want ons besef dat God aan alles 'n ordelike en perfekte plek gegee het. Psalm 19 beaam hierdie gedagte, want net die feit dat die hemel bestaan, die dae wissel en die son in die hemel skyn, maak die eer en glorie van God bekend. Hy het sy majesteit in die hemele gelê. Dit is 'n onhoorbare simfonie wat luidkeels en opgewek een onteenseglike feit uitjubel: God bestaan!

Maar omdat Dawid 'n kind van die Almagtige is, val hy nie in aanbidding voor die skepping neer nie. Die besef van God se bestaan vanuit die natuur dring hom na 'n soeke om God des te beter te leer ken. En dit kan nie volledig vanuit die natuur gebeur nie. Daarom besing Dawid die wonderlike Woord van die Here. Dit is lewensveranderend – dit verkwik die siel, dit gee ware wysheid. Dit verlig die oë, dit bring jou in die regte verhouding met God. Daar is niks meer begeerliker as 'n diepe kennis van die Woord nie, want daardeur kom die mens onder die indruk van jou doemwaardigheid, maar ook hoe jy daarvan vrygespreek word.

Want as ons, nes Dawid, ons lewens in die lig van die Woord oordeel, dan merk ons ook groot dwalinge. Sondes waarvan ons bewus is, maar ook sondes wat ons heel onwetend doen. Dan roep ons ook uit: Here, laat ons woorde, ons gedagtes, ons harte vir U aanneemlik wees!

Dit kan ons egter alleen bid en sing as ons Psalm 19 in die lig van die mensgeworde Woord, Jesus Christus, beskou. Dit is Hom van wie hierdie Woord ons leer, dit is sy evangelie op elke bladsy daarvan. En dit is Hy wat die smaad van Golgota gedra het sodat ek 'n nuwe lewe van geregtigheid mag beërwe. Wat 'n wonder dat God Hom so ryklik aan ons openbaar!

*Sing: Psalm 8-1:1-4*

*Ds. JL Lee (Jan-Louis) (Brits)*